

# Mooi lapgoed

## ALGEMENE AANWYSINGS

Maak van die blokkiesdiagramme gebruik om papierpatroondele uit te knip. Naattoelating van 1,5 cm is NIE by mate op diagramme ingesluit nie en moet deurgaans bygereken word wanneer materiaal dele uitgeknipt word. Knip patroondele met behulp van Durasharp se veel-doelige skêr uit papier. Een blokkie = 4 cm, tensy anders vermeld. Plaas papierpatroondele op regte kant van materiaal en knip met behulp van Durasharp se klere-maakskêr uit. Die naattoelating kan, waar nodig, tot 1 cm weggeknip word, nadat nate ingestik is. Gebruik Durasharp se naaldwerkskêr om fyn knipwerkies te doen. Werk rafelrande af met behulp van die Elna- omkapmasjiën of digte sigsagsteke van die Elna-naaimasjiën. Gebruik bypassende masjiengare. RK = regte kant. VK = verkeerde kant. Velcro: klitsgras-kleefband. Vilene: aanstryktussen-belegsel.

## Verfraai jou hangers

Verwyder die hangerhaak voordat jy met oortreksel begin. Die haak kan maklik reguit gebuig en uitgetrek word. Plaas hanger op enige papier om patroondeel af te trek. Knip 2 dele uit materiaal. Die hanger kan lossies verbind word met watteersel, 1 cm dik, of knip dieselfde patroondele uit as vir die materiaal, net 2 mm kleiner. Die watteersel kan met koue lym of met glipsteke vasgeheg word. Buiten naattoelating moet die patroondeel 1 cm aan elke kant aangesny word om die hele hanger te bedek. Plaas patroondele opmekaar, RK teenmekaar. Stik boonste en onderste lang nate en een kort synaat. Laat 'n opening van 1,5 cm in die middel van boonste en onderste nate om haak deur te steek. Keer die oortreksel om. Pars en trek versigtig oor hanger sodat watteersel nie frommel nie. Vou soom in by opening en werk toe met fyn glipstekies. Druk die

Hangers




haak weer deur opening en buig krom. Werk die openinkies om die haak effens toe met fyn glipstekies. Trek haak oor met plastiekpypie of vou skuinsband, 12 cm lank, dubbel, maak randstiksel en trek oor hakie. Die voorpant van oortreksel kan vooraf versier word met lint en kant. Om 'n valletjie aan die onderkant te kry, kan anglaise-borduursel, 1,5 maal die lengte van hanger, tussen die twee patroondele, met rafelrande opmekaar, aan ondernaat vasgeheg word. Maak seker RK van borduursel wys na vashegting na voorkant. Die geriffelde hanger: Knip slegs een patroondeel uit materiaal, 2 maal die lengte van hanger. Stik rek, 3 mm breed, op voulyn aan VK met sigsagsteek vas. Vou in helfte, RK teenmekaar, en volg dieselfde aanwysing as bo, maar met stik van ondernaat, moet rek saam met naat vasgestik word. Vir spesiale afronding kan 'n strik vasgeheg of omgebind word.

## Klein Vatlappe

Knip 1 deel van kwiltmateriaal. Speld skuinsband, ongeveer 36 cm lank, reg om geronde deel en oor rafelrand. Stik vas. Vou patroondeel op voulyn, RK teenmekaar. Volg stiklyne en heg so vas. Indien verkies, kan Velcro, 1 cm lank, daaraan geheg word.



Diagram vir vatlappe




*Die stik- en omkapwerk is gedoen op die ELNA-6000-rekenaarnaaimasjiën en die Proreks se 4DC-rekenaaromkapmasjiën. Vir professionele afronding is dit nodig om deurgaans naaldwerkmasjiene van hoë gehalte te gebruik. ELNA het dit vir ons moontlik gemaak. Bel Sue Crawford by (011) 792-4900 vir nadere inligting.*

## Brilsakkies

Brilsakkie met skuinsopening (A): Knip 1 deel kwiltmateriaal. Plaas skuinsband oor rafelrand van materiaal. Begin by skuins gedeelte. Stik eerstens hierdie deel vas. Vou materiaal in helfte op voulyn, VK teenmekaar. Speld skuinsband verder om rafelrande van materiaal tot by onderpunt. Stik vas. Brilsakkie met ryglintjie (B): Knip 2 dele kwiltmateriaal. Plaas opmekaar, RK teen-


mekaar. Stik sy- en onder-nate vas. Vou 2 cm soom aan bokant terug. Stik vas. Keer sakkie om met RK na buite. Trek die synaatjies in soom-gedeelte aan bokant van sakkie los om lintjies deur te ryg. Ryg 2 lintjies, 1 cm breed en 25 cm lank, deur soomopeninge. Maak knopies aan weerskante van uit-gerekte sakkie. Om die sakkie korrek toe te ryg, moet die middelpunt van elke lintjie aan teenoorgestelde kant van knopie wees.

**Brilsakkie met klappie (C):** Knip 1 deel kwiltmateriaal. Boor die reguit kortnaat met skuinsband, 10 cm breed, om. Stik wollerige gedeelte van Velcro in posisie. Vou materiaal op voulyn, VK teenmekaar. Speld skuinsband, 52 cm lank, reg om rafelrande van sakkie. Stik hakiesgedeelte van velcro in posisie.




**Diagram vir sakkie A**

**Diagram vir sakkie B**



**Diagram vir sakkie C**



*Biggie Best se pragtige materiaalreëksie moedig elkeen se kreatiwiteit aan. Die koördinate kan na willekeur gemeng en gepas word om jou eie smaak uit te leef. Die suiver katoenmateriaal is deur-gaans 150 cm breed en die skuinsband 1,5 cm breed. Ons verwys na die foto, indien jy van die materiaal wil bekom. Ontwerp A: Geel en blou tulpe; ontwerp B: wandelende tulp; ontwerp C: geel dubbelrand; ontwerp D: Barcelona (lig- en donkergeel); ontwerp E: geel tykstrepie. Om baie tyd te bespaar, is die materiaal van bepaalde ontwerpe vooraf gekwilt. Vir nadere inligting oor 'n Biggie Best-tak naaste aan jou, skakel (021) 47-7490.*

## DURASHARP vir professionele afronding

DURASHARP sit 'n handjie by om tuisnaaldwerk op die mees professionele manier af te rond. Die skêre is skerp, bekostigbaar vir elke tuisteskepper en waarborg langdurige en hoëgehaltewerkverrigting.

DURASHARP-skêre word bekend deur Wilkinson Lion Consumer Products en word gekenmerk deur liggewig-vlekvrye staallemme wat verhard en geloei is om sterkte en duursaamheid te verseker. Die lemme is effens gebuig en hoekig om skerpte en maksimum doeltreffendheid tot by die punte te handhaaf. Die helderblou handvatsels maak maklik skoon en is spesiaal gekontour om gemak met langdurige gebruik te verseker.

Die DURASHARP-skêrreëksie sluit die volgende in:

- Langlemskêr wat dit vir 'n kleremaakster moontlik maak om 'n

verskeidenheid klee dstowwe doeltreffend te knip

- Naaldwerkskêr met skerp punte vir fyn naaldwerk, borduurwerk, tapisserieë en breiwerk

- Veeldoelige skêr vir alledaagse gebruik

- Haarkapperskêr met vingerhagie aan die handvat en fyn gepunte lemme vir gespesialiseerde gebruik deur professionele en tuishaarkappers

- Skoolskêr met geronde lemme wat ideaal is vir noukeurige knipwerk deur die stokperdjie-liefhebber. Die handvatsels en grootte is makliker hanteerbaar vir kinders as die huishoudelike skêre en die waarskynlikheid van knip- of sny-ongelukke is minder.

Moenie 'n kortpad probeer volg met die koop van 'n goeie skêr nie. Onthou, goedkoop is duurkoop. DURASHARP-skêre het gemiddelde pryse en is be-



skikbaar by supermarkte, hiperwinkels en spesialiteitswinkels landwyd. Vir nadere besonderhede skakel Julie Rawsthorne by (031) 304-6052.